Vrydag 19 Junie

Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 3:10-23 (AFR83)

Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 3:16, 17; Heidelbergse Kategismus Sondag 12 v/a 32

## Die tempel van God

Ons belydenis in Sondag 12 bestaan uit twee dele. Die eerste deel handel oor Christus. Die tweede deel gaan oor my en jou, ons as Christene – die heilige gemeenskap van die Here. Christus en Christen gaan saam en is onlosmaaklik een. Dit is soos ons dit in die Kategismus ook bely: "... deur geloof is ek lid van Christus, ek is onskeibaar een met Hom." Wat wonderlik is, ons mag sy erenaam dra: Christen!

Ons moet wel onthou dat Christen-wees 'n groot verantwoordelikheid is. Jesus Christus roep jou om in sy diens te staan as profeet, priester en koning as deel van 'n gemeente. Genadiglik het God sy Woord vir ons gegee om ons te begelei en toe te rus. Wanneer dit kom by ons dienswerk vir die Here, is dit baie belangrik dat ons as gelowiges met mekaar oor die weg moet kom en saamwerk tot eer van die Here. Die kerk is immers Christus se liggaam. Gelowiges moet saamwerk, God eer en mekaar vashou in 'n vreemde wêreld. Dit is die hele punt wat Paulus in 1 Korintiërs 3 wil maak. Die gemeente is saam God se tempel soos ons in vers 16 en 17 lees. Net soos wat God in die tempel teenwoordig was, so woon die Heilige Gees in die gemeente as sy tempel. Niemand mag die tempel van God beskadig nie, want dit is heilig.

Die tempel, die gemeente is deur God gekies en moet dus van die wêreld onderskei word. Ons as gelowiges is in die wêreld, maar nie van die wêreld nie. Die kerk en veral die Christen se geroepenheid moet altyd sigbaar wees, maak nie saak wat nie. Dit hoekom ons in die kerk altyd Jesus se liefde moet waardeer, dit besef en ook uitstraal na buite. Mag God jou vandag in sy diens gebruik.

*Sing: Psalm 118-1:11, 14*

*Ds. EJ (Janré) van Jaarsveld (Boksburg)*